

Saterdag 9 Julie

Skrifgedeelte: Hebreërs 9:23-28

Fokusgedeelte: Hebreërs 9:28

As kind van God lewe ek in sekerheid

Dit is nie maklik om altyd met volle geloofsekerheid te lewe nie. Die dinge van die wêreld, die aanslae van die lewe, die vertrouensbreuk van mense en eie persoonlike stryd skud soms ons geloofsekerheid. Hierdie sekerheid kom nie uit onself nie, maar kom deur die Heilige Gees van God af. Elkeen van ons kry daaraan deel omdat ons deur die bloed van sy Seun sy kinders is, broers en susters van Jesus Christus. As sy erfgename verseker God ons bo alle twyfel dat sy verlossing vir ons vasstaan (Heb. 6:18).

Hierdie sekerheid laat ons volgens ons fokusvers aan twee sake vashou. Eerstens dink ons terug aan die offer van Christus aan die kruis waarmee Hy ons sondes weggeneem het. Sy offer was eenmalig en voldoende om al ons sondes te bedek. Daarom kan jy seker wees oor jou verlossing te midde van die onsekerheid wat jy dalk in die lewe mag ervaar.

Ons sien egter ook met verwagting uit na die tweede koms van ons Here, want dan sal Hy die verlossing vir hulle wat in Hom glo, volkome maak. Dan sal Hy jou verlos van dié dinge wat onsekerheid in jou lewe bring.

Miskien ervaar jy vandag onsekerheid. Weet en glo egter dat jy 'n kind van God is, en daarom staan jou verlossing vas. Sien met verlange uit na die koms van jou Here en Koning!

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Dr. H (Hennie) Goede (Meyerspark)